

Uitgawe 80: November 2017



Om een of ander rede is hebsug en mag deel van die mensdom. Nie lank gelede het ek gelees oor die bankrotskap van Boris Becker en Johnny Depp (om nie eens van Naas Botha

te praat nie). Dit laat jou wonder wat genoeg is?

Hierdie mense is nie die enigste bekendes wat slagoffers van hul eie sukses was nie. Ek veronderstel dat ons almal onself kan afvra of ons goeie rentmeesters is met wat ons het. Dus, hoeveel het ons regtig nodig, of wat wil jy hê? Op die oog af lyk dit maklik om enige hoeveelheid welvaart te verkwansel. Soos Benjamin Franklin dit eerlik gestel het: "*n Klein gaatjie kan 'n groot skip laat sink.*" Neem byvoorbeeld die uitspattige lewenstyl van die tennisster Boris Becker: hy het meer as £100 miljoen in 'n japtrap verkwis (moet asseblief nie die bedrag in Rande omskakel nie). 'n Artikel in die *Vanity Fair* beskryf die toestand van Johnny Depp se finansies. Hy het sowat \$750 miljoen oor 'n tydperk van 17 jaar verdien en dit alles geblaas. Op 'n stadium het sy uitgawes glo meer as \$2 miljoen per maand beloop! Dit wys ons dat niemand bestand is teen 'n swak begroting of enige vorm van wanbesteding nie.

Beplan vooruit

Ons ervaar onstuimige tye binne en buite Suid-Afrika. Goeie vrae is eweneens van toepassing op jonger persone (wat nog besig is om vir hul toekoms te spaar), sowel as diegene wat reeds uit diens getree het – by implikasie diegene wat kapitaal opgebou het. Finansiële artikels, insluitend advertensies probeer om relevante onderwerpe op 'n gereelde basis aan te spreek. Daar is geen maklike antwoorde nie, omdat persoonlike omstandighede en behoeftes oor 'n breë spektrum verskil. Enige veralgemening mag dalk bloot 'n simptoom toelig, maar neem nie die plek van gesonde persoonlike finansiële beplanning per se nie ('n behoorlike diagnose). Die volgende punte is enkele gedagtes waaraan almal aandag kan skenk:

- 'n **Verlengde lewensverwachting** is 'n realiteit en die sogenaamde "aftrede" op 65 het na alle waarskynlikheid 'n onding geword. 'n Afskaling na 'n laer lewenstyl is nie maklik haalbaar nie. Lande met staatspensioene (of welsyn) het reeds die amptelike aftree-ouderdom aangeskuif tot rondom 67 of ouer. Die mediese wetenskap het grootliks hiertoe bygedra, maar dit kom ook met hoër kostes. In latere jare het dit dus 'n dubbele effek! Jy leef langer en dit kos meer aan mediese uitgawes. Goeie beplanning moet hiervoor voorsiening maak. Dit is dus raadsaam om al vroeg te beplan vir addisionele bronne van passiewe inkomste ('n stokperdjie of belangstelling) selfs na die ouderdom van 65. Dit is as AI (*artificial intelligence*) saam met robotte ons nie vervang het nie!
- **Laer opbrengste** oor die volgende paar jaar sal die

uitsonderlike groeisyfers van 'n paar jaar gelede na 'n gemiddelde syfer wat laer is aanpas. Dit is verstandig om konserwatiewe ramings binne langtermynprojeksies (meer as 30 jaar) te gebruik en om voorsiening te maak vir die onbestendigheid van finansiële markte.

- **Uitgestelde uitgawes** is in wese 'n besparing vir die toekoms. Oor die algemeen lyk dit of mense te min spaar. Die eeue-lange les: spaar eers en spandeer dan wat oorbly. Nie andersom nie. Die *baby boomer* generasie was gedwing om tot 'n maatskappy-aftreefonds by te dra. Die moderne mantra is onmiddellike bevrediging, want ons hoef eers heelwat later te begin spaar. Die lotery en jong miljardêrs is 'n realiteit, maar min is so gelukkig (let op dat daar 'n verskil tussen *rykdom* en *welvaart* is). Vir die meeste van ons is daar slegs een betroubare antwoord en dit is die herhalende besparing oor 'n lang tydperk. Dit vereis 'n begroting en persoonlike verantwoordelikheid. Beplan gereeld (dit sluit 'n goeie belastingstrategie in) en belê verstandig oor verskillende bateklasse, d.w.s. diversifikasie.

Die krag van saamgestelde opbrengs...

Hoe lank en hoeveel moet ek spaar? By wyse van 'n eenvoudige finansiële berekening kan ons dit illustreer. Dus, indien ek 20 jaar het, hoeveel moet ek elke maand spaar om R1 miljoen (in reële terme) in kapitaal te akkumuleer? Ons reken die effek van inflasie hierby in:

- 20 jaar; R2,153 per maand
- 15 jaar; R3,421 per maand
- 10 jaar; R6,072 per maand

So, indien jou beleggingstydperk met 50% sou krimp, moet jy 3 keer soveel spaar om dieselfde doel te bereik. Die effek is verstommend. Geen wonder dat Einstein dit die 8ste wonder van die wêreld genoem het nie! Mense wat hul besparing uitstel, vind later uit dat hulle te min tyd oor het.

Bitcoin en meer...

Ons kwartaallike perspektief sal onvolledig wees sonder 'n paar opmerkings oor Bitcoin. Die opkoms van krypto-geldeenheide is skouspelagtig. Déjà vu! Weereens word individue aan vinnig-ryk-word skemas blootgestel. Oorweeg dalk die volgende:

- Wil jy eksperimenteer, of verstaan hoe die sisteem werk? Of, beskou jy dit as 'n belegging met onderliggende waarde?
- Wat is agter die sogenaamde "*blockchain*"? Wie verseker die integriteit, of sal tot jou redding kom as iets sou verkeerd gaan?
- Is jy desperaat? Daar is nie so iets soos maklike geld nie – die gesegde lui: "*easy come easy go...*"

Hier is 'n [skakel](#) na 'n gebalanseerde artikel.

Kersgroete

Soos altyd wil ons almal 'n geseënde Kersfees en 'n vreugdevolle tyd saam met familie en vriende toewens. Dit is 'n goeie tyd van die jaar om ons lewensdoelwitte te heroorweeg en te reflekteer.

Weereens dankie aan al ons kliënte vir u ondersteuning. Ons erken die vertroue wat u in ons familie-onderneming plaas en waardeer die verhoudinge oor baie jare.